**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 1406/2007

In die saak tussen:-

**STEYN-MEYER INGELYF** Eiser/Respondent

en

**CORNELIA WILHELMINA LIEBENBERG** Verweerderes/Eksipiënt

---

**AANGEHOOR OP:** 19 OKTOBER 2007

---

**UITSPRAAK:** VOGES, WND R

---

**GELEWER OP:** 1 NOVEMBER 2007

---

Vir doeleindes van hierdie uitspraak word na die respondent verwys as die eiser en na die eksipiënt as die verweerderes.

[1] Die eiser is 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, geregistreer in terme van die Wet op Maatskappye, 61 van 1973.

Die verweerderes is 'n volwasse vrou wat deur die Meester

van die Hooggeregshof aangestel is as eksekutrise in die boedel van wyle Willem Christiaan Phillippus Coetzee.

[2] Aldus die eiser se Besonderhede van Vordering het die verweerderes mnr Pieter Meyer, 'n praktiserende prokureur, op 25 Julie 2005 opdrag gegee om namens haar op te tree in die bereddering van die genoemde boedel. Daar is mondeling ooreengekom tussen Meyer en die verweerderes dat die eiser, by finalisering van die boedel, geregtig sou wees op 50% van die "executer's loan" wat die verweerderes sou toekom.

[3] Op 20 Oktober 2005 het die verweerderes egter haar mandaat aan die eiser beëindig.

As gevolg daarvan het die eiser beweerdelik skade gely deurdat professionele dienste reeds sedert 17 Junie 2005 gelewer was en word skadevergoeding in die bedrag van R135 356,58 geëis.

[4] Die verweerderes het eksepsie aangeteken teen die eiser se uiteensetting van sy eis en wel op grond daarvan dat die Besonderhede van Vordering nie voldoende beweringe verwoord nie en/of bewerings mis wat nodig is om die aksie teen die verweerderes te staaf, en in die alternatief dat die eiser nie ‘n skuldoorsaak teen die verweerderes openbaar nie.

[5] Die verweerderes se eksepsie berus op vier gronde, nl:

5.1 Die eiser vorder betaling van professionele gelde en/of fooie as skade van die verweerderes **in persoon** en/of in haar **privaat hoedanigheid** ondanks bewerings in die Besonderhede van Vordering dat die verweerderes hoogstens in haar **amptelike hoedanigheid** as eksekutrise ‘n ooreenkoms gesluit het met Pieter Meyer.

5.2 Die eiser geen skuldoorsaak teen die verweerderes openbaar nie en/of onvoldoende bewerings in die Besonderhede van Vordering maak om ‘n skuldoorsaak teen die verweerderes te openbaar, aangesien die eiser

beweer dat die verweerderes ‘n maandaat aan Pieter Meyer, ‘n **privaat individu**, gegee het en nie aan die eiser, wat ‘n afsonderlike regsentiteit is nie.

5.3 Die eiser vorder skade in die **bedrag** van R135 356,58, maar beweer dat hy geregtig sou wees op hoogstens 50% van die eksekutrise se “executor’s loan” sonder om aan te toon dat laasgenoemde die bedrag van R135 356,58 sou en inderdaad oorskry het. Gevolglik openbaar die eiser se aksie nie ‘n skuldoorsaak teen die verweerderes ter vordering van die bedrag van R135 356,58 nie.

5.4 Die eiser geen skuldoorsaak teen die verweerderes openbaar nie en/of onvoldoende bewerings in die Besonderhede van Vordering maak om ‘n skuldoorsaak teen die verweerderes te openbaar, aangesien eiser beweer dat hy geregtig sou wees op hoogstens 50% van die eksekutrise se lening in of van die boedel en geen basis stel in terme waarvan die eiser geregtig is of sal word vir betaling deur die verweerderes van

**professionele fooie** nie.

[6] Ten aansien van die eerste grond van eksepsie voer die eiser aan:

> "Aangesien die verweerderes slegs in haar amptelike hoedanigheid as eksekutrise magte en bevoegdhede aan die eiser kon delegeer maak eiser derhalwe geen skuldoorsaak uit teen die verweerderes in haar private hoedanigheid nie, maar hoogstens maak eiser 'n skuldoorsaak uit teen die verweerderes in haar **amptelike** hoedanigheid."

Ek vind dit nie nodig om in meer besonderhede met hierdie grond van eksepsie te handel nie in lig van latere bevindings hierin. Dit word slegs vermeld dat hierdie uitgangspunt nie korrek kan wees nie omdat die verweerderes in haar onderhandelinge met die eiser nie vir of namens die boedel opgetree het nie. Sy het in haar privaathoedanigheid die eiser om hulp genader.

Verder is die professionele dienste waarop die eiser se eis berus volgens die Besonderhede van Vordering aan

verweerderes gelewer vanaf 17 Junie 2005. Dit blyk nie wanneer die verweerderes as eksekutrise aangestel is nie. Die ooreenkoms met Meyer was in ieder geval eers, aldus die eiser, aangegaan op 25 Julie 2005.

Die eerste eksepsie kan gevolglik nie slaag nie.

[7] Ten aansien van die tweede grond van eksepsie doen die eiser aan die hand dat daar voldoende bewerings in die Besonderhede van Vordering uiteengesit is ingevolge waarvan die eiser geregtig sal wees om by aanhoor van die aksie getuienis te lei waaruit die eiser se *locus standi* sal blyk.

Alhoewel in paragraaf 4 van die Besonderhede van Vordering slegs verwys word na "Mr Pieter Meyer, a practicing attorney" word in paragraaf 6 beweer:

> "It is agreed to verbally between Mr Pieter Meyer, **whom acted on behalf of the Plaintiff,** and the Defendant …."

en word ook in paragraaf 7 verwys na die mandaat tussen die verweerderes en die eiser.

Daar is gevolglik meriete in die eiser se betoog dat getuienis gelei sal kan word wat die *locus standi* van die eiser sal bewys.

Die tweede eksepsie kan gevolglik ook nie slaag nie.

[8] Die eiser se eis is gebaseer op 'n ooreenkoms in terme waarvan die eiser na bewering geregtig sou wees op 50% van die "executor's loan". Hierdie bewoording het tot ernstige betoog namens die verweerderes gelei. Dit is naamlik aangevoer dat die regte en verpligtinge wat die sogenaamde lening vir die verweerderes sou hê nie uiteengesit word nie en die bedrag daarvan onbepaalbaar is.

Namens die eiser is aangevoer dat geen ander uitleg aan dié bewoording gegee kan word as sou dit na eksekuteursfooie verwys nie. 'n Derde persoon sou immers nie geregtig kon

word op enige regte voortspruitend uit ‘n lening van die boedel aan die verweerderes nie.

Alhoewel nie deur die eiser gevra is vir ‘n wysiging van die bewoording van die Besonderhede van Vordering nie, is hier duidelik bloot ‘n foutiewe term gebruik en kan niks anders as eksekuteursfooie ter sprake wees nie.

[9] Soos die Besonderhede van Vordering tans daar uitsien is dit tot ‘n mate onduidelik of eiser op kontrak of op delik steun vir die verhaal van sy beweerde skade.

In antwoord op die derde grond van eksepsie voer die eiser egter in betoog aan dat sy vordering gebaseer is op skade gely weens kontrakbreuk vanweë die kansellasie van sy mandaat deur die verweerderes. Daardie skade is, so word aangevoer, bepaalbaar op grond van die gespesifiseerde rekeningstaat (aanhangsel “SM2”) wat deel vorm van die besonderhede van vordering.

Eiser is egter by kontrakbreuk deur verweerderes hoogstens geregtig om geplaas te word in die posisie waarin hy sou wees as daar behoorlike voldoening aan die ooreengekome terme was. Daar is geen basis waarop eiser aanspraak kan maak op professionele fooie nie.

Die Besonderhede van Vordering beweer nêrens dat dit 'n term (uitdruklik of geïmpliseerd) van die ooreenkoms was dat verweerderes aanspreeklik sou wees vir professionele fooie as Meyer se mandaat beëindig sou word nie.

Geen bedrag is deur die eiser gekoppel aan die 50% eksekuteursfooi nie. Ook is dit nie bekend wat die waarde van die boedel was nie en kan dus nie bepaal word waarop die verweerderes, en daarmee saam die eiser, geregtig was of sou word nie.

Die Besonderhede van Vordering bevat gevolglik nie enige bewerings om die eiser se eis vir professionele fooie te ondersteun nie.

Die eksepsie op hierdie grond behoort dus te slaag.

[10] Verweerderes se vierde grond van eksepsie hang ten nouste saam met die derde grond en is waarskynlik die sterkste.

Eiser se eis steun op die ooreenkoms aangegaan op 25 Julie 2005. Sy skade is gebaseer op professionele dienste

gelewer vanaf 17 Junie 2005. Die Besonderhede van Vordering sit egter nie uiteen uit hoofde waarvan vir die tydperk 17 Junie tot 25 Julie 2005 geëis kan word nie. Geen datums blyk ook uit die rekeningstaat, aanhangsel "SM2", nie.

Die eiser se Besonderhede van Vordering bevat, soos reeds aangedui, geen bewering dat professionele fooie uit hoofde van die ooreenkoms tussen Meyer en die verweerderes betaalbaar is/was nie.

Weer eens ontbreek voldoende bewerings om die eis soos tans geformuleer te steun en behoort hierdie eksepsie ook te slaag.

[11] Die volgende bevel word bygevolg gemaak:

1. Die eksepsie gebaseer op gronde 3 en 4 van die verweerderes se kennisgewing van eksepsie word gehandhaaf met koste.

2. Eiser word verlof verleen om sy besonderhede van eis

te wysig voor of op 9 November 2007 by gebreke waaraan verweerderes die hof kan nader vir afwysing van die eis.

**M. VOGES, WND R**

| | | |
|---|---|---|
| Namens die eiser/respondent | : | Adv. P.J. Zietsman<br>In opdrag van:<br>Steyn-Meyer Ing.<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die verweerderes/eksipiënt: | | Adv. C. Snyman<br>In opdrag van:<br>Lovius Block<br>BLOEMFONTEIN |

MV/sp